

Laerskool Louis Leipoldt



Die skool waar jy saakmaak



VEILIGHEID

7 Maart 2019

Geagte Ouer

Die Laerskool is in die proses om ons bestaande veiligheidsmaatreëls in en om die skool te verbeter en as deel van hierdie opgradering gaan daar verdere nuwe maatreëls in plek gestel moet word. Die kinders se veiligheid is die skool se eerste prioriteit en moet daar deurlopend voldoen word aan wetlike vereistes. Assessering van veiligheid vind deurlopend plaas en was daar reeds 'n assessering rakende Beroepsgesondheid en Veiligheid gedoen in 2018. Laasgenoemde hanteer slegs een aspek van veiligheid en moet fisiese veiligheid van kinders, onderwysers, ouers en besoekers aan die skool ook hanteer word.

Die Laerskool het reeds verskeie sekuriteitsmeganismes en praktyke in plek, maar gaan daar verdere uitbreiding moet plaasvind om toe te sien dat veral ons kinders en alle persone op die perseel se veiligheid beskerm word. Gegewe die bogenoemde gaan die skool die volgende maatreëls met onmiddellike effek implementeer en gaan die volgende zones op die terrein na skoolure buite perke gestel word.

Ons kinders se veiligheid bly ons prioriteit en daarom geld die volgende maatreëls vanaf vandag.

- Tydens bywoning van aktiwiteite by die skool bly u kind steeds onder u toesig en beheer.
- Geen kinders word op enige speelterrein, Graad R- en Gr 1 speelapparaat ingesluit, na skoolure toegelaat nie.
- Gedurende sportbyeenkomste word slegs badkamers by die pawiljoen gebruik.
- Hoofhek no 2 (Pretoriuslaan) is die enigste hek wat gebruik mag word vir toegang tot die skool tydens skoolure. Teken asb in by die sekuriteitswag.
U moet asb eers by ontvangs aanmeld.
- Geen ouer of naskoolpersoneel mag tydens skoolure sonder toestemming op die skoolterrein beweeg nie, maak asb gebruik van die bankies by die wagarea by die hoofingang.
- Ons hekke sluit soggens om 07:30; die Gr R en Gr 1 hek is in die middag vanaf 13:00 tot 13:50 oop. Daarna mag slegs die hoofhek gebruik word.
- **Laatkommers moet saam met ouers by ontvangs aanmeld.**

Ons glo en vertrou dat u hierdie maatreëls sal respekteer sodat ons skool 'n nog veiliger tuiste vir ons leerders sal wees. Vir enige verdere navrae is u welkom om die skool te kontak.

Vriendelike groete

PH Ferreira
Hoof

D Durie
Voorsitter Beheerliggaam